MATIE-land



JAARGANG 6 NOMMER 3 DESEMBER 1962

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Versprei u beleggings en beveilig u kapitaal

Belê u spaarfondse deur

Federale Volksbeleggings Beperk

Vir besonderhede skryf aan:

POSBUS 3079, KAAPSTAD.

POSBUS 2911, JOHANNESBURG.

POSBUS 333, BLOEMFONTEIN.

V&R 3529A



Oude Meester

Likeurbrandewyn

BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK

OUD63E

GENIET DIE BESTE!

Geniet Suid-Afrika se

HEERLIKSTE

VRUGTE EN GROENTE

Dit is vir u ingemaak deur...

KOO

LS 2058A

r-e-k hulle



was hulle

Wolnit
SUPER

REKNYLON EN WOL-EN-REKNYLON

VIR MANS EN SEUNS

Die Sokkies wat Voete kry • *Een grootte pas elke voet*

BIERMANSKAP!

LEEUPLESIER!

VZ004034/1

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

MNR. R. P. CONRADIE

MET MEDEWERKING VAN

DIE AFDELING OPENBARE BETREKKINGE

JAARGANG 6 DESEMBER 1962 NO. 3

INHOUD

REDAKSIONEEL

Die Universiteit Trek Ons Saam 7
Mnr. Bun Booyens 8
Oud-Redakteur Vereer 8
Die *Matieland*-Fonds 8
Wie Kan Help? 9

UNIVERSITEITSNUUS

Nuwe Kursusse en Aanstellings 9
Die Departement van Beeldende Kunste word 'n Werklikheid 9
Dosente Oorsee 10
Drie Professore Tree Af 10
'n Waardevolle Boekeskenking aan die Universiteit 13
Stellenbosch Maak Toneelgeskiedenis 14
Besoek uit Nederland 15
Die A.C.V.V. Hou Kongres op Stellenbosch 15
'n Week van Kerkmusiek aan die Konservatorium 16

ARTIKELS

Ons Besoek die Fakulteit van Ingenieurswese 18
Wilgenhof 26
In Ons Laboratoria 31

SÓ ONTHOU EK MATIELAND 37
SÓ BOU HULLE MATIELAND 39
OUD-MATIEBONDTAKKE 40
VAN HEINDE EN VÉR
Oud-Maties in die Kalklig 43
Ons Eer Hulle Nagedagtenis 44

VOORBLADFOTO:

Moderne Apparaat in die Elektronika-laboratorium.

Foto: Christo Botha.

Die Universiteit trek ons saam

ALMA MATER, Liefdevolle Moeder! So noem ons met dankbaarheid die inrigting waarheen ons as jong matrikulante gegaan het, en waar ons op die weg na meer gebalanseerde volwassenheid gegroei en ontwikkel het.

Die vergelyking van 'n universiteit met 'n moeder is besonder gepas. Dit is 'n moeder se taak om die kinders wat aan haar sorg toevertrou is, te voed met daardie spyse wat sal verseker dat hulle fisiese en geestelike gawes tot volle ontplooiing sal kom. Dan sal hulle haar eer, en altyd weer na haar terugkom. Sy is die middelpunt, die saambindende faktor in die huisgesin. Hoe vér haar kinders ook al oor die wêreld versprei het, en hoe uiteenlopend ook die beroepe waarin hulle staan — hulle bly haar kinders wat in hulleself iets van haar omdra.

Die Universiteit van Stellenbosch is die geestelik-voedende moeder van die duisende studente wat elke jaar haar lesinglokale, laboratoria, biblioteke en sportvelde besoek. Asof met onweerstaanbare krag, trek sy hulle uit die vérste uithoeke van Suid-Afrika hierheen. Terwyl hulle put uit haar bronne van kennis, insig, wysheid en waarheid, word hulle onbewustelik ingelyf en aangeneem tot kinders van hierdie Moeder. Party geniet haar verrykende spyse ten volle en ontluik tot vrugbare lewens van diens; vir ander is haar spyse onverteerbaar — maar vir almal is die verblyf op Stellenbosch 'n besondere ondervinding, 'n voorbereiding vir die lewe self.

Verryk na gees en gemoed, versprei hulle ná vier, vyf of meer studiejare oor die lengte en breedte van ons land. Die vertrek uit Matieland beteken egter nie dat alle verbintenis met die Universiteit verbreek word nie. Eerstens is alle gegradueerde oud-studente lede van *die Konvokasie,* wat volgens wetsbepaling *'n integrerende deel van die Universiteit uitmaak.* Dit blyk onder meer daaruit dat hierdie oud-studenteliggaam ses van die 20 lede van die Raad van die Universiteit benoem. Verder dra elke oud-student 'n stukkie van Matieland met hom saam, in die vorm van meerdere kennis, 'n verruimde blik, dieper wysheid, onuitwisbare indrukke, en lewende herinneringe en vriendskappe. Stellenbosch druk 'n duidelike stempel op sy studente af. Daarvoor kan baie redes aangevoer word: die lang en tradisieryke verlede van die Universiteit, sy residensiële karakter, sy ligging in 'n dorp waar die studentegemeenskap 'n ware eenheid kan vorm, die natuurskoon van die omgewing, en die feit dat — soos ons onvergeetlike dr. D. F. Malan verklaar het — Stellenbosch vir *'n idee* staan.

Tog, in die maalstroom van die woelende, gejaagde lewe vervaag langsamerhand die herinneringe en die bewustheid van geestelike kindskap van die Universiteit. Dit sterf nooit, maar bly sluimerend totdat dit deur die een of ander prikkel tot hernieude lewe gestimuleer word. Een so 'n prikkel is vir ons die *Oud-Matiebond.* Die Bond is 'n kragtige middel om die eenheidsband wat deur die Universiteit gesmee is, sterk en lewenskragtig te hou. Daar bestaan vandag reeds 35 takke van die Bond, en jaarliks word nog meer gestig. Hulle vorm die knooppunte in die netwerk van oud-Maties wat die hele land oorspan.

Die blote bestaan van takke is egter nog geen waarborg dat hulle die bogenoemde doel sal dien nie. Hier geld die waarheid ook dat slegs aktiwiteit tot lewe en groei sal lei. Elke tak moet vir homself en sy lede 'n *taak stel,* daar moet 'n *ideaal* wees waarna gestrewe kan word. Dan kan daar, in plaas van kwynende doodsheid, lewende belangstelling en aktiwiteit verwag word. Gedurende die afgelope paar jaar het honderde oud-Maties en verskeie Oud-Matiebondtakke nuwe stukrag gekry ten gevolge van die Eeufeesfondsinsameling. Op verskeie sentra is die takke as uitgangspunte gebruik om die veldtog te loods en om oud-Maties in die organisasie te betrek. Daardeur is die takke tot diens van ons Alma Mater geaktiveer. Duisende oud-Maties het opnuut tot hulle ou Universiteit nader getrek gevoel, en die saambindende invloed van die Universiteit is opnuut ondervind.

Dis hierdie gemeenskapsband en gemeenskaplike taak wat oues en jonges, rykes en armes, ten tye van Oud-Matiebondvergaderings tot 'n eenheid laat saamsmelt. Of so 'n vergadering plaasvind tussen die mynheuwels

van die Rand, op die vlaktes van die Vrystaat, langs die kuste van Natal, of in die hartjie van die Karoo — *almal is oud-Maties.* En of die aanwesiges in die gewone lewe boere, medici, advokate, ingenieurs, predikante of onderwysers is — almal is oud-Maties. Die *Universiteit is die bindende faktor,* wat hulle saambring uit alle oorde en uit alle terreine van die lewe: die verskille tree op die agtergrond, en die gemeenskaplike taak tree na vore.

Die Universiteit, as die moeder wat ons almal geestelik gevoed het, bring ons na haar terug en bind ons in hegte oud-Matieskap saam. Ons word tot diens van ons Alma Mater opgevorder; en deur ons Alma Mater tot diens van ons jong Republiek!

Dr. Ernst van Heerden, Redakteur van Matieland van Julie 1957 tot Desember 1959.

Mnr. B. Booyens

MNR. BUN BOOYENS, wat die redaksie van *Matieland* vir meer as twee jaar met onderskeiding behartig het, het op 1 Julie vanjaar 'n betrekking as Senior Lektor in die Departement Geskiedenis aanvaar.

Voordat mnr. Booyens in 1960 by die administratiewe personeel van die Universiteit aangesluit het, het hy sy merk in die onderwys gemaak, onder meer as hoof van primêre skole op Robertson en Oudsthoorn. Sy diepgewortelde drang na die klaskamer was dan ook grootliks daarvoor verantwoordelik dat hy nou weer 'n doseerpos aan die Universiteit aanvaar het.

As Redakteur van *Matieland* het mnr. Booyens altyd verfrissende oorspronklikheid aan die dag gelê. Met die gewilde rubriek *Só Onthou Ek Matieland,* het hy menige interessante staaltjie aan die vergetelheid ontruk en die oud-Maties 'n meer direkte aandeel in die blad gegee. Maar hy het ook die huidige student se aandeel in die opbou van Matieland ingesien en tot sy reg laat kom in die rubriek *Só Bou Hulle Matieland.*

Ons wil mnr. Booyens verseker van die opregte waardering van die Universiteit vir sy toegewyde diens as Redakteur van *Matieland.* Ons wens hom sterkte en sukses toe in sy nuwe betrekking.

Oud-Redakteur Vereer

DIE Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het die Hertzogprys vir Poësie vir die tydperk 1959—61 aan die digter Ernst van Heerden toegeken. Dr. Van Heerden was byna drie jaar lank redakteur van *Matieland.*

Die toekenning is gemaak op grond van dr. Van Heerden se jongste digbundel, *Die Klop.* Die volgende vorige werke is egter ook by die toekenning in aanmerking geneem: *Weerlose Uur* (1942), *Verklaarde Nag* (1946), *Die Sewe Vrese* (1951), *Ses Gedigte* (1951), *Die Bevryding* (1952), *Reisiger* (1953) *en Koraal van die Dood* (1956).

Matieland maak van hierdie geleentheid gebruik om sy voormalige redakteur van harte geluk te wens met die hoë onderskeiding wat hom te beurt geval het.

Die Matieland-fonds

MATIELAND is die oud-Maties se blad, en behoort op hulle rekening gedruk en versprei te word. So het mnr. Mike Pienaar geredeneer toe hy 5 jaar gelede aan die hand gedoen het dat 'n *Matieland*-fonds in die lewe geroep word. Dit was 'n uitdaging vir alle oud-Maties, 'n ideaal om na te strewe.

Die redaksie sê baie dankie aan al die oud-Maties wie se bydraes gehelp het om die fonds op te stoot tot R2,830, waar dit nou staan. Hierdie bedrag is egter nog baie vér van die gestelde ideaal. Die rente op hierdie som (en net die rente sal gebruik word) dek maar 'n klein deel van die onkoste om *Matieland* driekeer per jaar aan u te besorg. En diegene wat tot dusvér bygedra het, is nog geen tien persent van die byna 10,000 lesers van *Matieland* nie.

Kom ons as oud-Maties aanvaar die uitdaging opnuut! Die Universiteit beleef tans 'n tydperk van vinnige uitbreiding wat geweldige finansiële verpligtings meebring. Deur die Universiteit van die druk- en verspreidingskoste van ons blad te onthef, stel ons die Alma Mater in staat om altyd beter in die opleidingsbehoeftes van ons eie seuns en dogters te

voorsien. Maak u tjek of posorder uit aan *Matieland*-Fonds en stuur dit, saam met 'n lekker geselsbriefie, aan: *Die Hoof, Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.*

Wie kan Help?

DIE Afdeling Openbare Betrekkinge het onlangs 'n stel van die *Stellenbosse Oudstudent* aan die Afrikaanse Woordeboek geskenk. Ongelukkig ontbreek daar een nommer in die stel, naamlik No. 2 van Deel XVI (1947). Dr. Snijman, Hoofredakteur van die Woordeboek, wil baie graag die ontbrekende nommer aanvul. Is daar nie 'n oud-Matie wat nog hierdie nommer besit, en gewillig is om dit aan die Afrikaanse Woordeboek te skenk nie? Stuur dit dan asseblief direk aan *Die Woordeboekkantoor, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.*

Universiteitsnuus

Nuwe Kursusse en Aanstellings

AAN die Konservatorium vir Musiek is eenjarige kursusse ter verkryging van die Voordraersdiploma in Musiek (V.D.M.S.) en die Hoër Diploma vir Kerkorreliste ingestel.

MET ingang 1963 is die graad Honneurs-B.Sc. in Landbou ingestel, met die volgende hoofstudierigtings: Erflikheidsleer, Landboubiochemie, Landbou-chemie en Grondkunde, Landbou-ekonomie, Landbou-insektekunde, Plantsiekteleer, Mikrobiologie, Pomologie, Veeteelt en Wynbou. Ook die graad Honneurs-B.Sc. in Voedselwetenskap word vanaf 1963 aangebied.

MNR. J. DE CLERCQ is aangestel as Senior Lektor in Bantoetale vanaf Januarie 1963. Hy het sowel die B.A.-, die Honneurs-B.A.- en die M.A.-grade op Stellenbosch met lof behaal. In 1955 en 1956 was hy die wenner van die Edgarprys vir Grieks en in 1961 is die Sir Abe Bailey en Croll Stipendium aan hom toegeken. Hy is tans Lektor aan die Universiteit van Pretoria.

Die Departement van Beeldende Kunste word 'n Werklikheid

DIE besluit van die Senaat en die Raad van die Universiteit om vanaf 1963 'n volwaardige Departement van Beeldende Kunste in te stel, is vir baie die verwesenliking van 'n lang-gekoesterde ideaal. Die Universiteitsowerheid voel reeds jarelank dat hy aan ons land 'n bydrae ten opsigte van hierdie kultuurvorm verskuldig is. Ten gevolge van die fenomenale groei van die Universiteit, kon egter nog nooit fondse en geskikte huisvesting vir hierdie doel gevind word nie. Nou het die droom egter werklikheid geword. Voorsiening word gemaak vir 'n B.A.-graadkursus met Kuns as een van die hoofvakke, en vir 'n graad- en 'n diplomakursus in die Beeldende Kunste. Mnr. Otto Schröder is aangestel as die eerste hoogleraar en as hoof van die Departement.

Mnr. Schröder is in 1913 in Londen gebore en het sy opleiding in Hamburg (1933—1938) onder die bekende leermeesters Oscar Boegel en Herman Jonker ontvang. Tegelyk het hy aan die Universiteit van Hamburg onder proff. Sauerland en Gustav Pauli Kunsgeskiedenis bestudeer. Daarna het hy sy studie in Wenen voortgesit en in 1939 na Suid-Afrika gekom. In 1947 het hy hom as kunstenaar en kunsonderwyser in Windhoek gevestig.

Hier het hy in 1948 'n kunsskool gestig waarvan hy die hoof is. Sy werk aan die kunsskool het 'n besonder sterk indruk gemaak op vakmanne soos mnr. Anton Hendriks, direkteur van die Kunsmuseum in Johannesburg, dr. J. W. von Moltke en prof. M. Bokhorst,

Mnr. O. Schröder.

direkteur van die Michaelis-Kunsmuseum in Kaapstad.

Op versoek van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens is in 1959 'n keur van die grafiese werk van sy leerlinge saam met ander voorbeelde van kinderkuns na New York gestuur en in Amerikaanse kunsmuseums en skole vertoon. 'n Soortgelyke tentoonstelling is daarna in Duitsland gereël. Mnr. Schröder is benoem tot lid van die *International Society for Education Through Art* van Unesco.

In Windhoek het hy 'n tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging gestig, en eers as sekretaris en daarna as voorsitter baie bygedra tot die stimulering van die kunslewe in die gebied.

As kunstenaar het hy spoedig erkenning gekry. Hy het deelgeneem aan verskillende groot binnelandse kunstentoonstellings in 1947 en 1948, aan uitstallings by die Van Riebeeckfees, die Bulawayo-eeufeestentoonstelling, die vierjaarlikse feestentoonstellings in 1956 en 1960, die uitstalling van grafiese werk in Joego-Slawië, ens. Daarna is hy gekies tot *Fellow of the Royal Society of Art* (London) en tot *Associate Member of the International Institute for Conservation.* Onlangs het hy lid geword van die *Association Internationale des Arts Plastiques* (Parys). Skilderye van hom is deur die Regering vir oorsese gesantskappe gekoop. Die kunsmuseums in Kaapstad en Johannesburg het ook daarvan aangekoop.

'n Groot aantal publikasies het reeds uit die pen van mnr. Schröder verskyn, o.a. artikels in vaktydskrifte, bv. *Die Bildende Kunst in Süd- und Südwestafrika* en *History of Art in South West Africa.*

Dosente Oorsee

PROF. R. I. NEL, hoof van die Departement Voedseltegnologie, het onlangs uit die buiteland teruggekeer waar hy verskeie kongresse namens die Departement van Landbou-Tegniese Dienste in Engeland en op die Vasteland van Europa bygewoon het.

PROF. J. L. SADIE, hoogleraar in Ekonomie, sal in Februarie 1963 'n besoek aan Nederland bring ingevolge die Suid-Afrikaans-Nederlandse Kultuurverdrag.

PROF. C. J. B. SMIT, hoogleraar in die Voedseltegnologie, het die Departement van Landbou-Tegniese Dienste gedurende September by 'n kongres in Engeland verteenwoordig. Prof. Smit het ook verskillende navorsingsinrigtings in Europa besoek.

DR. C. VERBURGH, Senior Lektor in die Vervoerwese, het gedurende Oktober en November referate by byeenkomste in Madrid en Hamburg gelewer. Met die ondersteuning van die S.A. Skeepseienaarsvereniging, het hy ook 'n studie gemaak van skeepvaartbeleid in verskillende Wes-Europese lande.

Mnr. H. P. MULLER, lektor in die Bedryfsielkunde, is vir 10 maande oorsee ten einde kursusse aan die Harvard Graduate School of Business Administration by te woon. Die kursus wat aangebied word, behels hoofsaaklik die bestudering van opleidingsmetodes in die nywerheid en handelswetenskappe, en sluit ook in besoeke aan opleidingsentra en toonaangewende nywerheidsorganisasies in die V.S.A. en Kanada.

MEJ. M. JACOBSZ, dosente in Kleding in die Afdeling Huishoudkunde, het twee beurse ontvang om haar studie in Kleding aan 'n Amerikaanse universiteit voort te sit. Die beurse is toegeken deur die President Steyn Gedenkfondsstigting en die V.L.V.-Kaapland. Mej. Jacobsz het aan die einde van September na die buiteland vertrek.

DR. I. J. VAN BILJON, Senior Lektor in Sielkunde, het in September vir verdere studie na die Verenigde Koninkryk vertrek. Die Ernest Oppenheimer Memorial Trust vir oorsese studie is vir een jaar aan dr. Van Biljon toegeken.

Drie Professore Tree Af

AAN die einde van 1962 neem die Universiteit met leedwese afskeid van drie van sy bekendste en mees gewaardeerde professore, nl. proff. C. J. Theron, O. T. de Villiers en A. J. la Grange. Gesamentlik was hulle 70 jaar lank as dosente aan die Universiteit verbonde! Ons wil hulle van die opregte dank en hoë waardering van die Universiteit verseker, vir die waardevolle dienste wat hulle gelewer het. Mag hulle nog lank vrugbare bydraes lewer tot die gemeenskappe en werkkringe waartoe hulle nou toetree.

Professor C. J. Theron

IN prof. C. J. Theron verloor die Universiteit 'n uitstaande akademikus, 'n inspirerende leermeester en 'n voortreflike mens.

Christian Jacobus Theron is 'n oud-student op wie Stellenbosch trots kan wees. Hy het beide die grade B.Sc. in Landbou (1924) en M.Sc. in Landbou (1927) met lof behaal. Reeds op 1 Julie 1929 is hy as Lektor in Wynbou

Op Vrydagaand, 17 Augustus 1962, het 'n 40-tal oud-studente van prof. Theron aan hom en mev. Theron 'n dinee ter afskeid aangebied. Op die foto, wat by dié geleentheid geneem is, verskyn v.l.n.r.: Dr. C. J. G. Niehaus (Hoof-Wyndeskundige van die K.W.V.), mnr. A. Kriel, prof. Theron, mev. Theron, mnr. A. du Toit (Voorsitter, K.W.V.) en mnr. C. de Waal.

aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel. Gedurende dieselfde jaar het hy ál die belangrike wynlande van Europa besoek en is twee jaar later, op 1 Mei 1931, tot professor bevorder. Sedertdien het hy op die gesonde grondslag wat sy merkwaardige voorganger, prof. A. I. Perold, aan die leerstoel vir Wynbou-Enologie gegee het, op sy eie, ewe merkwaardige wyse voortgebou. By sy aftrede was hy die dienende professor met die langste diens-termyn, nl. 31 jaar. Prof. Theron het dus letterlik 'n leeftyd aan die Departement Wynbou-Enologie gewy.

Dit was 31 vrugbare jare. Prof. Theron se vernaamste taak was seker om wynboukundige vaklui en boere op te lei. Daardeur is voorsien in die groot behoefte aan opgeleide personeel vir die bedryf en aan boere wat die wynbou wetenskaplik kan benader en beoefen. Nagenoeg elke wynkenner in ons land het een of ander tyd uit prof. Theron se wye kennis en ondervinding geput.

Sy invloed het egter nog veel verder gestrek. Die verbetering wat hy in die metodes van wingerdbewerking, van snoei en van oplei gebring het, is een van sy voortreflikste bydraes tot die bedryf. Daaroor het verskeie publikasies onder sy naam verskyn. Onder sy leiding, en in samewerking met die K.W.V., is belangrike en uitgebreide navorsing gedoen om die aanpassingsvermoë van druifsoorte by verskillende streke, en hulle geskiktheid vir sekere wyntipes vas te stel. Ook sy werk in verband met onderstokke is oor die hele wynbougebied van ons land bekend.

As wynkenner het prof. Theron die gawe besit om enige wyn krities en met 'n fynontwikkelde waarnemingsvermoë na waarde te beoordeel. Hy was dan ook 'n baanbreker om kwaliteitstandaarde vir Suid-Afrikaanse wyne neer te lê. Hierdeur het hy 'n besondere bydrae gemaak tot die opbou van 'n eie Suid-Afrikaanse wynkultuur.

Prof. Theron was tuis in die hoogste akademiese kringe; tog het hy 'n kind van die natuur gebly, en 'n praktiese boer met omvattende kennis van alle vertakkings van die boerdery. Daarom was hy altyd die ideale raadgewer vir voornemende, jong en ou gevestigde boere. Sy studente en kollegas sal altyd aan hom terugdink as 'n inspirerende leermeester, 'n man wat homself aan besonder streng persoonlike dissipline onderwerp het, en gevolglik ook hoë eise aan andere gestel het.

Prof. Theron staak nou sy werk as professor aan die Universiteit, maar sy kennis is gelukkig nie vir die wynbedryf verlore nie. As praktiese boer in Tulbagh se wêreld, sal hy nog altyd die gewillige en gewaardeerde raadgewer van die wynboere van Suid-Afrika bly.

C. T. de Waal.

Prof. O. T. de Villiers.

Prof. O. T. de Villiers

Prof. O. T. de Villiers (O. T. soos sy kollegas en vriende hom noem) stam uit die Paarlse Viljees. Tydens die Anglo-Boereoorlog het sy ouers Vrystaat toe getrek en daar is hy op Boshof gebore. Reeds as kind het hy intens belanggestel in diere; by sy ouerhuis het hy 'n hele klein dieretuin aangehou. Geen wonder dat hy later die veeartsenykunde as beroep gekies het nie.

Na aanvanklike studie aan die destydse Grey-Universiteitskollege, is hy met 'n staatsdiensbeurs na Dublin om veeartsenykunde te bestudeer. In 1923 het hy die graad M.R.C.V.S. daar behaal. Hy is ook baie trots op 'n diploma in die debatteerkuns op sy vakgebied wat hy van die Veeartsenykundige Genootskap van Dublin ontvang het. Na sy terugkeer was hy staatsveearts, o.m. op Greytown, Bloemfontein, Kroonstad en Middelburg, K.P., waar hy ook as lektor aan die Grootfonteinse Landboukollege opgetree het.

In 1934 is prof. De Villiers as Senior Lektor in die Veeartsenykunde op Stellenbosch aangestel. Benewens voorlesings in sy vak, moes hy ook verantwoordelikheid aanvaar vir die gesondheidsdienste van die waardevolle stoetkuddes van die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege. In 1953 is hy bevorder tot professor.

As dosent het hy bly belangstel in navorsingswerk op sy vakgebied. Sy belangrikste navorsing het gegaan oor die bloed van die volstruis. Op grond hiervan het die Universiteit van Suid-Afrika in 1937 aan hom die graad D.V.Sc. toegeken.

In die laaste jare het prof. De Villiers hom begin beywer vir 'n tweede Fakulteit van Veeartsenykunde in ons land. Hy maak geen geheim daarvan nie dat, indien so 'n fakulteit goedgekeur sou word, dit sy wens sou wees dat dit aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde moet wees.

Mev. De Villiers, ook 'n Vrystater van geboorte, het bekendheid verwerf as Suid-Afrika se No. 1 breister. Die S.A. Wolraad het haar breiwerk met 'n goue medalje bekroon. Op dié wyse het sy ook die landbou, meer in besonder die wolnywerheid, gedien.

Prof. J. C. Swart.

Prof. A. J. la Grange

Prof. A. J. la Grange, Hoof van die Departement van Opvoedkundige Sielkunde in die Fakulteit van Opvoedkunde, tree aan die einde van die jaar uit die Universiteit se diens om by die Nasionale Raad vir Padveiligheid 'n betrekking te aanvaar as organiseerder van padveiligheidsnavorsing.

Sy aanstelling in die nuwe pos was vir niemand 'n verrassing nie. Hy is deur ons land heen bekend as 'n pionier op die gebied van padveiligheidsonderwys.

Prof. La Grange is 'n oud-student van hierdie Universiteit. Hy het in die twintigerjare onder prof. Wilcocks, huidige president van die Konvokasie, sy doktorsgraad verwerf.

Sedertdien was hy eers onderwyser en skoolhoof, en daarna Inspekteur van Nywerheidskole in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. As onderwysman het hy bekend geraak vir sy proefnemings met die Decrolyplan en 'n gewysigde vorm van die Jenaplan.

Hy is in 1937 in die Universiteit van Pretoria aangestel as professor in Sielkunde. Geduren-

Prof. A. J. la Grange.

de sy dienstyd daar het hy 'n belangrike rol gespeel in die stigting van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging.

In die Fakulteit van Opvoedkunde alhier het prof. La Grange hom in die besonder beywer vir die ontwikkeling van skool-kliniese dienste.

Met die vertrek van prof. La Grange en sy alomgewilde eggenote ly nie net die universiteit nie, maar ook die sosiale en die verenigingslewe van die Eikestad, 'n gevoelige verlies.

Prof. J. F. A. Swartz.

'n Waardevolle Boekeskenking aan die Universiteit

OP Woensdag, 19 September, het dr. Otto Heipertz, Konsul vir die Duitse Bondsrepubliek, 'n waardevolle boekeskenking namens sy regering aan die Universiteit oorhandig. Die funksie het in die Africana-lokaal van die Carnegie-Biblioteek plaasgevind. Die Rektor het die boeke, wat deur die Navorsingsgenootskap van die Duitse regering geskenk is, namens die Universiteit in ontvangs geneem.

Die 60-tal waardevolle boeke, baie waarvan andersins moeilik bekom sou kon word, is 'n besondere geskenk, daarin dat aan die Universiteit die geleentheid gegee is om hulle self te kies. By die keuse kon die Rektor, in medewerking met prof. G. P. J. Trümpelmann, Voorsitter van die Biblioteekkomitee, dus met die besondere behoeftes aan die Universiteit rekening hou. Dit is veral die Fakulteit van Geneeskunde, die Konservatorium vir Musiek en die pasgestigte Departement van Beeldende Kunste wat deur die skenking bevoordeel word.

Dr. Thom het met waardering gepraat van die jarelange goeie vriendskap en welwillendheid wat daar tussen Duitsland en Suid-Afrika bestaan. Die boekeskenking is 'n bewys daarvan, en hy vertrou dat dit sal bydra om die bande wat daar reeds bestaan, te verstewig. Dr. Heipertz het (in keurige Afrikaans!) die hoop uitgespreek dat die boekeskenking veral die jonger geslag sal inspireer om die tradisie van vriendskap tussen die twee lande in stand te hou. Hy verlaat die Republiek binnekort, maar hy het die land en sy mense gedurende sy verblyf van 5½ jaar leer ken en waardeer. Daarom sal sy herinneringe aan hierdie vriendelike land, en in besonder aan die Universiteit en die eikebome van Stellenbosch, altyd aangenaam wees.

As simbool van die hele skenking ontvang die Rektor 'n prageksemplaar van dr. Albert Schweitzer se standaardwerk Johann Sebastiaan Bach *van dr. O. E. Heipertz, Konsul vir die Duitse Bondsrepubliek. V.l.n.r.: Prof. A. Heydorn, mev. Behrens, mnr. G. V. Marais (Bibliotekaris), prof. Thom, dr. W. Boeddinghaus, mnr. P. J. Lombard, dr. Heipertz, prof. S. J. Pretorius (Registrateur), mev. Thom, prof. P. G. J. Trümpelmann, mev. Trümpelmann.*

Tine Balder (mev. Engelen en deeltydse dosente in die Departement Drama) soos sy verskyn in die titelrol van die toneelstuk Juffrou Edelwater.

Stellenbosch maak Toneelgeskiedenis

OP Dinsdag, 4 September 1962, is toneelgeskiedenis op Stellenbosch gemaak. Dit was die eerste opvoering van die Kaapse Streektoneel, wat ten gevolge van die herorganisasie van die N.T.O. tot stand gekom het. In hierdie geskiedkundige gebeurtenis het die Universiteit 'n belangrike aandeel gehad. Die opvoering is onder die beskerming van die Universiteit, en in medewerking met die Departement Drama aangebied. Prof. Fred Engelen, wat ook as Direkteur van die Kaapse Streektoneel benoem is, het as regisseur opgetree.

Met die keuse van die stuk vir hierdie besondere geleentheid het prof. Engelen nuwe terrein betree. *Juffrou Edelwater* (Lady Precious Stream) van S. I. Hsiung is 'n sprankelende Chinese blyspel en die kunstige Chinese vorm van toneelspel is behou. In die afwesigheid van decór en verhoogmeublement, word al die aandag op die spelers toegespits. Deur hulle speeltegniek en ruimtebeheersing word die tekens wat bloot veronderstel word, in die verbeelding van die toeskouers „sigbaar".

Die oordeel oor die stuk en die aanbieding daarvan was wyduiteenlopend, maar die verfrissende andersheid daarvan het algemene by-

DIE A.C.V.V. HOU KONGRES OP STELLENBOSCH.

Die jaarlikse A.C.V.V.-Kongres is van 25 tot 28 September op Stellenbosch gehou. Die dames was weer „studente" in Huis ten Bosch en die vergaderings is in die Neethlingsaal van die gebou vir Sosiale Wetenskappe gehou. Dinsdagaand, 25 September, het prof. Thom die kongres geopen met 'n rede oor „Die Huidige Beeld van die A.C.V.V.". Woensdagmiddag was die Hoofbestuur en die spreeksters by die kongres die gaste van die Rektor en mev. Thom by 'n noenmaal. Op die foto, wat by dié geleentheid geneem is, verskyn v.l.n.r.: Prof. E. Theron, mev. J. M. Raath, mev. A. L. Geyer (Presidente), mev. Thom, mev. A. J. van der Merwe, dr. Z. Steyn, dr. H. C. Lambrechts (Org. Sekr.).

val gevind. „'n Glasie bruiswyn" was die kommentaar van een kritikus. Prof. Engelen en die Departement van Drama het met hierdie opvoering beslis daartoe bygedra om hier te lande nuwe belangstelling in die toneel te bring.

Besoek uit Nederland

DIE afdeling Maatskaplike Werk van die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk het gedurende Augustus die besondere voorreg en ondervinding gehad om mej. Marie Kamphuis, direktrise van die „Academie voor Sociale en Culturele Arbeid" te Groningen, Nederland, as gas-dosente vir twee weke te hê. Mej. Kamphuis is internasionaal bekend as 'n outoriteit op die gebied van Maatskaplike Werk, en die studente, dosente en lede van die publiek wat op akademiese terrein met haar in aanraking gekom het, kon nie anders nie as om diep onder die besef te kom van haar insig, breë uitkyk en visie op haar vakgebied. In haar openbare lesings oor „Functie en Verantwoordelijkheid van het Maatschappelijk Werk en Wetenschap" het mej. Kamphuis op heldere en wetenskaplik gefundeerde wyse die plek- en die bestaansreg van hierdie jong beroep in die hedendaagse samelewing gemotiveer, en ook gewys op die noodsaaklikheid van opgeleide personeel om hierdie beroep te boefen. Hierdie lesings het plaasgevind onder die beskerming van die Vereniging vir Sosiologie en Maatskaplike Werk van die Universiteit van Stellenbosch.

Mej. Kamphuis het ook 'n reeks seminare vir die Honneurs-studente (Maatskaplike Werk) gelei en die finalejaarstudente het die geleentheid gehad om aktuele probleme met haar te bespreek. Ongetwyfeld het hierdie klasse veel daartoe bygedra om praktiserende én aspirant maatskaplike werkers beter te bekwaam vir hulle taak, veral wat betref die toepassing van bepaalde tegnieke.

Op sosiale gebied was mej. Kamphuis ewe bedrywig. Haar wakker belangstelling in ons land en waarderende oog vir die natuurskoon, het haar 'n gewilde gas gemaak by diegene by wie sy aan huis gekom het. Onder andere was sy die gas van ons Rektorsvrou, mev. R. Thom, by geleentheid van 'n gesellige teeparty, en eregas by die huisdinee van Minerva.

Mej. Kamphuis (tweede van regs) geniet 'n koppie tee saam met, v.l.n.r.: Mej. A. Muller, dr. J. J. de Villiers en prof. Erika Theron.

Die Kursus vir Kerkorreliste het wye belangstelling uitgelok. Op die foto, wat geneem is nadat die Rektor die kursus geopen het, verskyn v.l.n.r.: Mnr. C. Swanepoel (dosent in orrel), prof. Thom, dr. A. P. Treurnicht (Redakteur van die Kerkbode), ds. D. P. Hamman (Voorsitter van die Federale Komitee vir Kerkmusiek van die N.G. Kerk in S.A.), en mnr. R. H. Behrens (Direkteur van die Konservatorium vir Musiek). (Foto: Christo S. Botha.)

'n Week van Kerkmusiek in die Konservatorium

STELLENBOSCH, Musiekstad! Gedurende die voorjaarsmaande verdien die Eikestad hierdie naam. Behalwe die Studente-Sangfees wat die Maties aktief in die musieklewe betrek, bied die Konservatorium vir Musiek die laaste jare gereeld iets besonders aan, wat Stellenbosch in die middelpunt van die musikale belangstelling plaas. Vanjaar was dit 'n kerkmusiekweek, 'n kursus vir kerkorreliste waarin praktiese hulp en leiding in verband met musiek tydens die erediens gegee is. Met hierdie kursus kon Stellenbosch, soos die Rektor in sy openingswoord gesê het, 'n waardige tradisie uit die jare van prof. F. W. Jannasch voortsit.

Die 50-tal kursusgangers, waaronder 'n hele aantal oud-Maties, het vyf dae lank van halfnege in die oggend tot nege-uur in die aand 'n intensiewe studie van alle aspekte van die kerkmusiek gemaak. As dosente het mnre. R. Otterman, B. Scholten en Ch. Swanepoel opgetree. Die program het teorie en praktyk (koorsang, koorleiding en orrelspel) ingesluit en elke middag is 'n referaat oor 'n onderwerp uit die Kerkgeskiedenis gelewer. Hierdie lesings en die daaglikse kerkkonserte is vir die algemene publiek oopgestel. Een besoekster het haar waardering betuig met die opmerking dat dit darem 'n voorreg is om in 'n musieksentrum soos Stellenbosch te woon.

Die geslaagde studieweek is op Vrydagaand, 5 Oktober, feestelik afgesluit met 'n uitvoering van Bach se kantate „Wachet Auf" deur die Konservatoriumkoor, soliste en orkes onder leiding van Boudewijn Scholten, en werke van Vivaldi en Bach deur die Stellenbosse Strykorkes onder leiding van Pierre de Groote.

JAN BOUWS.

Einde ten laaste . . .

. . . u OUD-MATIEBAADJIE

U stuur
u mate . . .
Ons stuur
u baadjie

. . .

VIR
MAATVORMS
EN VERDERE
INLIGTING
SKRYF AAN:

Karl Bergh
DIE MATIES SE UITRUSTERS
POSBUS 181 • PLEINSTRAAT • STELLENBOSCH

LET WEL:

Maatvorms ook verkrygbaar
by alle takke van
u OUD-MATIEBOND

Ons besoek die

FAKULTEIT VAN INGENIEURSWESE

EEN van die uitstaande kenmerke van die Westerse beskawing is sy sterk tegnologiese karakter, in die ontwikkeling waarvan die ingenieurswetenskap 'n beslissende rol gespeel het.

Die ingenieursbedryf het sy oorsprong in die militêre kamp. Die dakkappe van die Groote Kerk in Adderleystraat, Kaapstad, is in die 19e eeu nog deur militêre ingenieurs ontwerp en opgerig. Veral ten gevolge van die industrialisasie in Europese lande, het die behoefte aan die dienste van die ingenieur ook buite die militêre terrein sterk toegeneem, sodat mettertyd onderskei is tussen militêre en burgerlike of siviele ingenieurswese. Uit laasgenoemde het die veelvuldige vertakkings van die ingenieurswese, soos ons dit vandag ken, ontwikkel.

Vandag is die handhawing van ons hoë lewenstandaard ondenkbaar sonder die dienste van die ingenieur. Die vervaardiging van nagenoeg elke stuk gereedskap wat ons daagliks hanteer, is deur die ingenieurswese moontlik gemaak. Die ingenieur beplan en bou ons spoorweë, paaie, brûe, damme en kanale. Sy werk is sigbaar in ons motors, vliegtuie, kragsentrales, radio's en in die wêreld van die elektronika en kommunikasie. Die opkoms van die moderne groot stad, waar miljoene mense saamgetrek word en van vars water en voedsel, behuising en vervoer voorsien moet word, is onmoontlik sonder die ingenieur. In medewerking met die mediese beroep is reinigingstegnieke vir drinkwater en afvalwater ontwerp. Daardeur is die her-

Hier demonstreer twee senior studente in die grondmeganika-laboratorium van die Siviele Departement, aan 'n groep skoliere hoe 'n grond se vermoë om water deur te laat, gemeet kan word. Die grondmonsters kom in die dikker glasbuise op die foto. Die druk en die vloeitempo van die water wat deur die monster geforseer word, word dan gemeet.

Die resultate van hierdie toetse is van belang by 'n verskeidenheid van ingenieursprobleme, bv. by die dreinering en die konsolidering van gronde, die bou van damme, e.s.m.



verbruik van ons kosbaarste mineraal, water, moontlik gemaak, en gevreesde epidemies feitlik uitgeskakel. Die rigting wat vandag bekend staan as Gesondheidsingenieurswese het sy oorsprong in die toepassing van die navorsingsresultate van manne soos Pasteur, en het wesentlik daartoe bygedra om die lewensverwagting van die mens met sowat twintig jaar te verhoog.

Ons land beleef tans 'n industriële omwenteling en 'n tydperk van kragtige ontwikkeling op alle gebiede lê voor. Grootse skemas, soos die Oranjerivier-ontwikkelingsprojek, word in die vooruitsig gestel. Die oprigting van nuwe fabrieke, die ontwerp van vervaardigingsprosesse, die beplanning van provinsiale en stedelike verkeerstelsels, die bou van besproeiingsdamme, kanale en tonnels, die ontwikkeling van elektriese krag, die radiowese, die ontginning van minerale en ontwikkeling op landbougebied — dit alles maak die toekoms vir die ingenieur in Suid-Afrika nie net rooskleurig nie, maar, en dit is belangrik, uitdagend. Daar is baie moeilikhede wat oorwin moet word, lastige probleme wat opgelos moet word. Maar die ingenieur se diepste bevrediging lê juis daarin dat sukses op harde, toegewyde arbeid volg, en dat die resultaat van sy arbeid vir sy medemens en vir sy vaderland tot voordeel mag strek.

Daar bestaan 'n ernstige tekort aan ingenieurs in Suid-Afrika. Die Republiek staan op tegnologiese gebied aan die spits in 'n vinnig ontwakende vasteland. Om hierdie magsposisie te behou, sal meer tegnoloë, wetenskaplikes en ingenieurs na vore moet kom. Ons huidige politieke ontwikkeling vereis die opbou van 'n omvangryke grensnywerheidskompleks, gepaard met die opheffing en ekonomiese ontwikkeling van die naturel. Die verhoging van die lewenstandaard van die massas mag daartoe lei dat die huidige landbouproduksie onvoldoende sal wees en dat die beplande toekomstige besproeiingsprojekte reeds vroeër aangepak sal moet word.

Op die oomblik is die jong ingenieur se probleem nie om 'n betrekking te kry nie, maar om te besluit watter aanbod hy moet aanvaar. 'n Verskeidenheid beurse en toekennings vir binnelandse sowel as nagraadse buitelandse studie word aangebied om meer studente na die beroep te trek. Die prestasies van die Suid-Afrikaanse ingenieurs het afdoende bewys dat ons oor die regte kwaliteit manne-materiaal beskik, maar tensy meer studente hulle vir opleiding as ingenieurs aanmeld, sal sulke groot werke soos die Oranjerivierskema nie sonder die hulp van buitelandse firmas aangepak kan word nie.

Suid-Afrika is 'n jong en uitgestrekte land met 'n betreklike klein effektiewe bevolking. Daarom is daar net 'n beperkte behoefte aan gespesialiseerde ingenieurs. Die Suid-Afrikaanse ingenieur se kennis en vaardighede moet dus nog die hele veld van die ingenieurswese dek. Met die vyfjarige kursus beoog die Universiteit van Stellenbosch om hierdie breë, en tog gespesialiseerde opleiding te verskaf. Gedurende die eerste vier jaar word 'n deeglike fondament in die basiese wetenskappe gelê, en die hele veld van die Ingenieurswese gedek. Die vyfde jaar word byna uitsluitlik aan die eie vakrigting bestee.

Ten gevolge van die fenomenale tegnologiese ontwikkeling, het verskeie oorsese lande soos Frankryk, Holland, België, Rusland en die V.S.A., ondervind dat die vierjarige kursus vir ingenieurs algaande meer ontoereikend geword het. Net soos in die geval van die mediese wetenskap, het meerdere kennis gelei tot 'n wyer arbeidsveld. Om daardie wyer veld effektief te kan bedien, moes die opleidingstydperk van die ingenieur, net soos dié van die medikus, verleng word.

As erkenning van die feit dat die Stellenbosse ingenieurs een jaar langer opleiding ontvang, word aan die einde van die vyf jaar twee grade, nl. B.Sc. en B.Ing., aan hulle toegeken. Die meeste instansies wat ingenieurs in diens neem, erken ook die langer opleiding by die vasstelling van beginsalarisse. Die ervaring het geleer dat die student juis in sy vyfde jaar so 'n gesonde ontwikkeling deurmaak, dat hierdie jaar nou as die waardevolste deel van die ingenieursopleiding beskou word.

In Stellenbosch se Fakulteit van Ingenieurswese word opleiding verskaf in vyf hoofrigtings, nl:

Siviele Ingenieurswese
Elektrotegniese Ingenieurswese (Swakstroom en Swaarstroom)
Elektrotegnies-Geofisiese Ingenieurswese
Werktuigkundige Ingenieurswese (Algemeen en Bedryf)
Landbou-Ingenieurswese.

Opleiding in Chemiese en Verkoelingsingenieurswese sal waarskynlik ook binne afsienbare tyd aangebied word. In die Eeufeesfondsbrosjure word ruim, goed toegeruste laboratoria en 'n moderne nuwe Ingenieursgebou in die vooruitsig gestel. Hierdie toekomsplanne inspireer dosent en student tot nuwe inspanning en toewyding, en hou die moontlikhede in dat Stellenbosch 'n nog groter bydrae sal kan lewer om die verlammende tekort aan ingenieurs in ons land uit te wis.

Siviele Ingenieurswese

Die laboratorium vir *Siviele Ingenieurswese* maak ruim voorsiening vir praktiese onderrig in alle vertakkings van hierdie ingenieursrigting. Dit huisves 'n afdeling vir waterloopkunde, en bevat verder 'n afdeling vir grondmeganika, 'n afdeling vir beton en ingenieursmateriale, 'n afdeling wat 'n moderne toegeruste fynwerkswinkel en modelkamer huisves en 'n afdeling vir strukture met die nodige masjiene en apparaat.

'n Bou-paneel vir 'n hut in Suid-Afrika se basis op die Suidpoolkontinent word in die laboratorium vir Siviele Ingenieurswese aan 'n strukturele toets onderwerp. Die toetsmasjien kan 'n druk van 200 ton uitoefen. ▶

Model van Damoorloop met Vibrerende Waterskoot

'n Vry vallende waterskoot oor 'n damoorloop mag in sommige gevalle vibreer en so kappels of golwings vorm. Hierdie vibrasie kom voor waar die ononderbroke oorloopkruin lank genoeg is en die waterskoot nie te dik is nie. Dié verskynsel veroorsaak drukgolwe in die lug wat met geraas gepaard gaan en selfs ruite op 'n halfmyl afstand kan breek. Dit is egter selde gevaarlik vir die struktuur self.

Die verskynsel kan voorkom word deur vryelik lug in te laat agter die vallende waterskoot. Dit word gedoen met behulp van regop verdeelpilare op die oorloopkruin. Die waterskoot word sodoende in korter lengtes verdeel en egalige belugting tussen die skoot en die dammuur moontlik gemaak, wat dan die vibrasie uitskakel.

Op die foto kan die vibrerende kappels duidelik as horisontale ligstrepe gesien word.





Die Polariskoop

'n Finalejaarstudent in die Werktuigkundige Ingenieurswese is besig met sy Skripsie oor foto-elastisiteit, ter verkryging van die grade B.Sc. en B.Ing. Op die foto word 'n kraanhaak getoets en op die foto hieronder kan die spanningspatroon gesien word.

Werktuigkundige Ingenieurswese

Die *Afdeling Werktuigkundige Ingenieurswese* bevat o.a. 'n hele aantal kosbare masjiene asook 'n werkplaas met fyn meganiese toerusting vir die bou van apparaat. Die fasiliteite vir die opleiding van studente is in 1956 aansienlik aangevul deur die oprigting en ingebruikneming van 'n groot en moderne stoomketel.



Die Lemroostertonnel

Die bou van hierdie apparaat en die toetse wat daarop uitgevoer word, vorm deel van 'n M.Sc. Ing.-Skripsie. Wind word oor 'n rooster lemme geblaas, en deur die defleksie van die lug te meet, kan die kragte wat op elke lem inwerk, bepaal word. Die resultate word gebruik vir die ontwerp van waaiers, kompressors en turbines waar lug op 'n gelyksoortige manier deur lemroosters beweeg.

DIE INGENIEURSTUDENTE

Die Ingenieurstudente? Hulle is 'n groep persone wat minstens vyf, maar gewoonlik ses jaar op die Akker bly, en 40 van die 45 klasse per week in die Ingenieursgebou deurbring. Hulle aktiwiteite daar sluit in, benewens akademiese werk, 'n daaglikse eksklusiewe modeparade, waarvan verbygangers nie veel hou nie. „Slordige spul intellektuele barbare", of „Jy sien hulle nooit deelneem aan die studentelewe nie", is opmerkings wat soms in die omgewing van die Ingenieursgebou gebrom word.

Tog is ons nie so 'n slegte klomp nie. Ander mense kan nie verstaan waarom ons nie tussen klasse uit die son kan bly nie. Ons kan weer nie verstaan waarom 'n vietse dame altyd besluit om voor die Ingenieursgebou van haar fiets af te dompe nie! Alle informele drag is ook nie slordig nie, en daar is haas geen aspek van die studentelewe waarby die Ingenieurstudente nie hulle gewig ingooi nie.

V.S.I.S. staan nie vir „Vereniging van Sielsieke Ingenieurstudente" nie! „Stellen bosse" is die woord. Omtrent die daad is daar geen twyfel nie. Onder die V.S.I.S. se beskerming verskyn die maandblad „Momentum" asook die jaarblad „Sigma" en hulle organiseer gereelde uitstappies en filmvertonings.

Sommige dames beskou ons as te „brainy" vir goeie maats, maar dit hou on darem nie van die dameskoshuise af weg nie!

Benewens al die sosiale bedrywighede, moet ons nog omsien na een van di volste kursusse aan die Universiteit. Met die oog daarop om soveel as moontlik va ons dosente te leer, ook indirek, is die formele muur tussen dosent en student afge breek. Dit kan dus verstaan word dat die „koffie-klas" in die Ingenieursfakulte ontstaan het. In hierdie koffieklasse leer die dosent nie net sy studente ken nie maar die studente leer ook waardevolle lesse uit die praktiese ondervinding van di dosent.

Oor een ding stem ons almal saam: ons sal ons kursus vir g'n ander verruil ni al moet ons ons soms oorwerk!

BRAAM LE ROU

Elektrotegniese Ingenieurswese

In die *Afdeling Elektrotegniese Ingenieurswese* is daar 'n masjienlaboratorium wat toegerus is met al die masjiene wat vir 'n deeglike kursus nodig is, asook 'n laboratorium vir meettegniek. Daar is twee ruim laboratoria vir Elektronika en Kommunikasie, 'n ligtegniese laboratorium en voorsiening vir 'n akoestiek-laboratorium. Verder beskik die Afdeling oor 'n Hoogspanningslaboratorium en twee goed toegeruste werkplase vir Swaar- en Swakstroom-elektrotegniek.



In die Swaarstroomlaboratorium

Groot, turbine-aangedrewe wisselstroomgenerators wat in kragsentrales elektrisiteit vir ons moderne samelewing opwek, word op klein skaal nageboots. Die twee identiese motorgeneratorstelle in die voorgrond maak studente meer vertroud met hierdie masjiene. In die agtergrond volg prof. A. Heydorn, Hoof van die Elektrotegniese Afdeling, die berekeninge wat 'n student (H. R. Kretchmer) uitvoer.

Die Masjienlaboratorium

Grafieke is deel van die alledaagse taal van die ingenieur. Mnr. J. F. Uys, Senior Lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese en mnr. F. S. van der Merwe, student in die finale jaar, bepaal eksperimenteel die kenlyne van 'n gelykstroommasjien.

Foto's: Christo Botha.





Landbou-Ingenieurswese

Die *Afdeling Landbou-ingenieurswese* dek 'n wye veld 'n Belangrike onderafdeling is landboukrag en mega niese toerusting, waarby ingesluit is die ontwerp van implemente en apparaat wat in die landbou en in ver wante bedrywe gebruik word. Ander vertakkings is grondkunde en landbou-waterbou, waarby die terreine van besproeiing en dreinering ingeskakel is. Aandag word ook gegee aan die ontwerp van strukture en ge boue vir landboudoeleindes.

Die swaartepunt van 'n trekker word bepaal. Die ligging van hierdie punt is van belang by berekening van die stabiliteit van die trekker onder uiterste werktoestande. Dis 'n voorbeeld van meting met eenvoudige hulpmiddels.

Meting van die spannings in 'n ploegbalk ten gevolge van skokbelasting deurdat 'n hindernis getref word Hiervoor word elektroniese apparaat gebruik, wat deur middel van weerstandstrokies, wat op die balk ge plak word, verlengings met 'n akkuraatheid van miljoenstes kan meet.

Bank

Suid-Afrikaans

bank by

VOLKSKAS

dis u eie Bank

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS

BEPERK

(GEREGISTREERDE HANDELSBANK)

HOOFKANTOOR : PRETORIA

VZ005552/86



Wilgenhof

Die Oue sal
in die Nuwe
Voortleef

DIE REKTOR

WILGENHOF WORD HERBOU

„. . . op dieselfde plek,

. . . ooreenkomstig die patroon van die oue"

DIE Wilgenhoffers wou hê die nuwe Wilgenhof moet op dieselfde plek gebou word. In die Universiteitsraad het ons egter gedink: Nee, die perseel is te kosbaar; daar moet nog eendag 'n akademiese gebou opgerig word!

Maar die Wilgenhoffers het volgehou. Hulle sou dan kwansuis 'n groot bedrag bymekaar maak, as *hulle* bydrae, om die nuwe Wilgenhof op *dieselfde plek* te bou. Hulle het lank kajuitraad gehou, en my naderhand meegedeel dat hulle onderneem om vóór 31 Desember 1959 'n bedrag van R30,000 aan die Universiteit te oorhandig.

Ek het nou taamlik gerus gevoel: hulle sou tog nie so 'n groot bedrag kon insamel nie; en dan bou die Universiteit maar later 'n akademiese gebou op die strategiese perseel!

Daarna het ek van re-unies en insamelings gehoor — en daar sou glo ook mooi bydraes ingekom het — maar nietemin het ek redelik gerus gevoel. 'n Mens kan jou dus voorstel hoe groot my verbasing was toe prof. Danie Craven my kom sê dat „die manne" die geld gaan kry! Ek kon dit egter nog steeds nie glo nie. Maar toe hy 'n paar dae later vir my die tjek bring, moes ek dit glo, half verslae soos ek was. En dit was toe nog selfs meer as 'n maand voor die vasgestelde dag!

Ek wil alle Wilgenhoffers en oud-Wilgenhoffers van harte gelukwens met die pragtige prestasie wat hulle gelewer het. Wilgenhof se perseel is uitnemend geskik vir 'n akademiese gebou, maar as mense kan doen wat hulle gedoen het, toon hulle 'n gees van durf en besieling wat 'n mens ten seerste waardeer en respekteer.

Die Universiteit gaan met graagte akkoord dat ons die *nuwe Wilgenhof op dieselfde plek* oprig, en ook dat die Nuwe *ooreenkomstig die patroon van die Oue* gebou sal word. Die Nuwe sal groter as die Oue wees, 180 teenoor 105, maar dit is wenslik as ons wil verseker dat die Nuwe in die groter studentelewe van vandag, sy regmatige plek sal inneem en behou.

Mag die tradisie en die krag van Wilgenhof steeds verder in die toekoms ingedra word, in die diens van Stellenbosch en in die diens van ons hele land en ál sy mense.

Van Geslag tot Geslag

DIE meegaande foto van die drie geslagte Wilgenhoffers is geneem tydens Wilgenhof se reünie-braaivleis op Saterdagaand, 22 September 1962. Dit was die laaste reünie in „die ou plek". Sowat 200 huidige en oud-Wilgenhoffers het plegtig afskeid geneem van die ou gebou waaraan soveel betekenisvolle herinneringe kleef, en waar soveel groot manne deur die jare gehelp is om hulle voete ferm op die eerste sport van 'n vrugbare lewe van diens te plaas. Die eie ou kamer is weer opgesoek, jaarmaats het mekaar gevind, daar is gesels en vertel. Saterdagaand kon ou Wilgenhof se hartklop weer duidelik om die braaivleisvure in die kwod, en in die gebruiklike huisvergadering aangevoel word.

Sondag, na huiskerk, is die manne uit mekaar . . . tevrede. *Wilgenhof sal herbou word.* Dat die Nuwe groter sal wees en dat die beroemde Bos sal verdwyn, aanvaar hulle as onvermydelike gevolge van die ontwikkeling van die Alma Mater. Maar die Bekfluitjie sal weer daar wees, hoewel met drie in plaas van twee rye note! Die kwod sal daar wees, en die gemeenskaplike badkamers, en die drukkamer en die galgpaal . . . En dit alles op dieselfde perseel, met die sierlike Hoofgebou as skakel met die verlede. Die nuwe geslagte kan maar kom; hulle sal in die nuwe Wilgenhof nog daardie unieke opvoeding kry wat van hulle *mense* sal maak, want, *die Oue sal in die Nuwe bly voortleef!* In September van die jaar waarin die nuwe Wilgenhof in gebruik geneem word, sal die Wilgenhoffers weer van oor die hele land kom om „Doll Dear" te speel op die nuwe Bekfluitjie.

Tot in die derde geslag! George Craven (huidige Wilgenhoffer) gesels met sy vader, dr. Danie Craven (Wilgenhof 1929—35) en sy oupa, mnr. George Hayward (Wilgenhof 1903). Wilgenhof het 'n ware familie-koshuis geword!



BEN MARAIS

Die vriendskapsbande hier gesmee, bly vir my van die fyn goud van die lewe

AS ek soms saans, na 25 jaar, hier in die Noorde my oë toemaak, hoor ek nog hoe die Wilgenhoffers „Doll Dear" of „Wilgenhof, met jou warm showers" sing!

Ek skryf as Wilgenhoffer van die jare 1928—1935. Dit was groot dae! Nie dat dit veel saak maak watter jare ek daar was nie, want juis dit is miskien die merkwaardigste feit omtrent Wilgenhof, dat daar 'n deurlopende tradisie is wat Wilgenhoffers saambind of hul nou al in 1905 daar was of in 1955. Die gesigte en name verander, die vriendekringe skuif met die jare, nuwe leiers kom en gaan, maar Wilgenhof bly en die tradisie loop deur. Of jy 'n Wilgenhoffer in Kenia of in Kaapstad raakloop, dit neem nie lank nie of „die ou plek", al beweeg hy al dertig jaar heen en weer as die Suidoos waai, is gou-gou die middelpunt van bespreking. Want of jy nou al in Wilgenhof was in die dae van die koue stortbaddens of na die koms van die warmes (wat 'n luisterryke gebeurtenis was dit nie! Daaruit is 'n lied gebore!), of jy die beroemde kat, *Peerless* geken het of die hondjie *Sir-Droopy*, of jy daar was onder aia Dassie en Japie Diedericks P.T.O. se regime of nie — Wilgenhof het 'n stempel op jou afgedruk. Hier het ons alles *saam gedoen* en 'n sterk en lewende godsdienstige atmosfeer was deur die jare kenmerk van Wilgenhof.

Dié tradisie, oor sestig jaar opgebou, het nêrens sterker gespreek as in die Herboufonds-pogings en -byeenkomste van die afgelope jare nie. Dadelik, by elkeen van hierdie reünies het die jare tussenin weggeval en Wilgenhoffers was weer *Wilgenhoffers*. Het selfs die *vorm* van die ou koshuis, wat dit onmoontlik gemaak het vir 'n Wilgenhoffer om weg te kruip, en almal op kontak met mekaar aangewys het, nie meegehelp om hierdie lewende tradisie te vorm nie? Die vriendskapsbande hier gesmee, bly vir my van die fyn goud van die lewe.

As die roem van Matieland wyd en ver lê, is dit in dieselfde sin op kleiner skaal ook waar van Wilgenhof. Ek glo nie dat één enkele universiteitskoshuis in Suid-Afrika dieselfde mate van beroemdheid as Wilgenhof verwerf het nie. Nie alleen het Wilgenhof al 'n Eerste Minister en 'n hele string Kabinetsministers en parlementslede, kultuur- en kerkleiers opgelewer nie, maar onder sy oud-studente is daar meer sportmanne van naam as wat ons kan opnoem en manne wat van die verantwoordelikste poste beklee in haas elke afdeling van ons Suid-Afrikaanse samelewing. Die versoeking is groot om 'n paar honderd name van vooraanstaande Suid-Afrikaners hier neer te skryf en dit dáár te laat as die heel sprekendste getuienis van Wilgenhof se faam!

Maar ek weet dis nie wat die redakteur van my verwag nie. Hoe merkwaardig Wilgenhof sy studente en oud-studente sonder aansien des persoons saamgebind het, wil ek illustreer uit twee voorvalletjies tydens een van die onlangse reünies.

Oudergewoonte was daar 'n hofsitting en vir dié geleentheid was een van die groot „Jutse" van die verlede, Aap Raats, op die stoel. Onder die vele aangeklaagdes (almal met reg op verdediging, maar almal tog uiteindelik skuldig bevind en mildelik beboet) was die oud-Wilgenhoffer Eric Louw, na buite aangedui as



Die beroemde middeltrap wat deur al die jare nooit deur „sotlike" eerstejaarsvoete besoedel is nie! In die nuwe gebou word die buitetrappe behou — die dubbele middeltrap sowel as die enkeltrap vir eerstejaars.
Foto's: Christo Botha.

Minister E. H. Louw. Hy het sy eie verdediging ewe sportief waargeneem en in die proses oudergewoonte kwaai met die hande beduie. Toe het die regter hom in die rede geval: „Louw, is jy dan familie van 'n windpomp, waarom swaai jy so met jou hande?" By dieselfde geleentheid moes 'n sekretaris vir die „Huisvergadering" aangewys word. Dieselfde E. H. Louw is voorgestel en gesekondeer. Maar blitsvinnig was iemand op sy voete met die vraag: „Maar kan dié kêrel skryf?"

Dit is die gees van Wilgenhof deur die jare! Die pret, die erns, die spot, die byname — wie kan dit vergeet? En die produk van dit alles? 'n Unieke samehorigheidsgevoel.

Baie vroeg in my eerste jaar het ek die algemene benadering van die tyd leer ken: Hier maak ons van 'n matrikulant 'n mens! Ek huiwer nou nog as ek dink aan my eerste groot toespraak in 'n agterkamer van Wilgenhof, oor „Die Skandinawiese Sopkwessie". Twee ou here, wat sigbaar verveeld op die bed gelê het, het my gehoor uitgemaak. Ek moes uitwei oor al die aspekte en dimensies van dié gewigtige vraagstuk. As die aarde tog maar net onder my wou oopgaan!

Dit was in die ou leeskamer waar 'n Wilgenhoffer jare gelede oopmond aan die slaap geraak het. Sy maats was gou by met 'n lepel sout. Toe hy wakker skrik, was sy eerste woorde: „Kêrels, ek het nou so lekker van die see gedroom — my bek is eintlik brak!"

Balie Fullard, derde jaar B.A.I., sit heerlik op Wilgenhof se bankie op die grasperk. As ons verbystap, herinner ons hom dat dit klastyd is, maar hy antwoord dood luiters: „Nee kêrels, ek gaan nie, ek sit maar net hier om te kyk of al my ‚werkvolkies' al verby is ‚job' toe." Dit was geen wonder dat sy „werkvolkies" die end van die jaar nie so ingenome was met sy prestasies nie!

Ek sou ure só kon aanhou. Dit is die een sy van Wilgenhof. Maar daarnaas was daar ander tye waarin die vensters wyd oop was na die *ander* wêreld . . . Miskien was hulle nog die *eintlike* vormende bydrae van Wilgenhof op baie van ons en in die opbou van sy tradisie.

IN ONS LABORATORIA

DEGENERASIE
SIEKTETOESTANDE
GROEP VAN DIE W.N.N.R. EN DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
BY DIE KARL BREMER-HOSPITAAL,
BELLVILLE

DIREKTEUR: PROF. DR. A. J. BRINK

'n Hartkateterisasie word uitgevoer deur drs. F. P. Retief (voltydse internis) en C. M. Lewis (W.N.N.R. beurshouer). Dit word uitgevoer onder 'n beeldversterker wat toelaat dat 'n mens die posisie van die buisies wat in die verskillende hartkamers geplaas word, duidelik kan sien, selfs in 'n half-verdonkerde kamer. Bloedmonsters en drukke word in die verskillende kamers en bloedvate geneem en die hart se hemodinamiese eienskappe en die stofwisselingsaspekte word nagegaan. Die stofwisseling van die hartsiektes in Suider-Afrika word hierdeur ondersoek.

DIE Degenerasie Siektetoestande Groep is een van twee-en-twintig erkende geneeskundige navorsingsgroepe in die Republiek, en die enigste aan die Universiteit van Stellenbosch.

Geneeskundige navorsing aan ons universiteite kon eers na behore uitgebou word na die totstandkoming van die W.N.N.R. in 1946. Sedertdien was daar, as gevolg van 'n stelsel van subsidiëring van navorsing aan ons geneeskundige skole, merkwaardige vordering. Die beleid van die W.N.N.R. is om navorsing te ondersteun deur middel van toekennings aan universiteite, die erkenning van navorsingseenhede en -groepe, en om navorsingsprojekte te finansieer. Dit word gedoen deur middel van beurse, die toestaan van assistentskappe en dekking van lopende uitgawes en kapitaaltoerusting.

Die erkenning van 'n groep of 'n eenheid beteken dat daar permanente navorsingstatus verleen word op grond van die kwaliteit van die navorsingswerk wat gelewer word. Dit bring ook mee dat die W.N.N.R. 'n verpligting aanvaar om die groep se bedrywighede finansieel te ondersteun.

Daar is reeds twee-en-twintig geneeskundige navorsingseenhede by die verskillende inrigtings in die land en dit dek sulke belangrike gebiede soos voeding, kardiopulmonale navorsing, endokriene, tuberkulose, amebiase, bilharzia, virussiektes, pneumokoniose, ortopediese ontwikkeling, tandheelkundige afwykings en degenerasiesiektes.

'n Tweede ontwikkeling wat baie betekenisvol was vir die vordering op geneeskundige gebied, is die instelling sedert 1950 van 'n gesamentlike mediese personeel tussen die Provinsiale Administrasies wat verantwoordelik is

vir hospitaaldienste, en die universiteite. Dit het beteken dat akademies georiënteerde en bekwame manne nou betrekkings met redelike salarisse in die opleidingshospitale op 'n voltydse of op 'n deeltydse grondslag kon aanvaar.

Hierdie driemanskap, bestaande uit die universiteit wat die basiese huisvesting en fasiliteite voorsien, die W.N.N.R. wat finansiële ondersteuning verleen, en die Provinsiale Administrasie wat sy hospitale en hùlle fasiliteite beskikbaar stel, het toegelaat dat ons op navorsingsgebied geweldig kon vorder en dat daar dan ook reeds bydraes van hoë gehalte dwarsdeur die land gelewer word.

Die Degenerasie Siektetoestande Groep word reeds sedert 1958 erken. Dié groep se werksaamhede kan uit die aard van die saak 'n baie wye veld dek. Hier word ondersoek ingestel na die siekteverskynsels of weefselveranderinge of fisiologiese afwykings wat mag voorkom ten gevolge van veroudering of ten gevolge van onbekende faktore soos toksienes, dieetgewoontes, geneties-bepaalde faktore, ensovoorts. Dit beteken dat gaandeweg 'n beter begrip in verband met die geaardheid en oorsake van hierdie toestande sal ontstaan.

Die huidige werksaamhede van die groep is toegespits op projekte in verband met die volgende aangeleenthede:

(a) *Hartvatsiektes:* Hier word nou veral klem gelê op die stofwisselingsprosesse van die hartspier by besondere hartsiektes. Hier in ons land is daar bv. 'n hartspier-aandoening wat baie meer algemeen voorkom, veral by die nieblanke rasse, as in ander wêrelddele. Sulke gevalle word bestudeer deur gewone kliniese waarneming sowel as deur spesiale en ingewikkelde ondersoekmetodes wat 'n kateterisering van die hart insluit. Daardeur word 'n buisie in die hartkamers geplaas en ook in die are wat die bloed afvoer vanaf die hartspier. Sodoende word daar bepaal wat die hartspier se suurstofverbruik is, wat sy verbruik van energieverskaffende stowwe soos glukose is, en ook of daar 'n ophoping van die afbreekprodukte soos priodruiwesuur en melksuur is. Soortgelyke studies is nog nie elders op hierdie toestande uitgevoer nie.

Die werk sal ook verder uitgebrei word deur eksperimentele dierwerk met rotharte en die perfusie van die lewende hart met verskillende stowwe, onder andere ook met radio-aktiewe koolhidrate.

Die elektroniese waarnemingspos met mnr. M. J. Theron (hartlong tegnikus, Provinsiale Hospitaaladministrasie) in beheer. Toerusting in hierdie vertrek skakel met die hartkateterisasie-tafel en met die trapmeul. Hier is verskillende registreerders wat opnames maak van die meetbare kwantiteite soos drukbepalings, bloedsuurstofbepalings, polsspoed, ventilasiesnelheid, ens.



(b) *Longtoestande:* Hier is veral aandag geskenk aan die funksionele studies van die longse vermoë tot gaswisseling en daar is heelwat werk reeds gedoen op die gebied van die diffusievermoë van die long vir gasse by sommige aangebore harttoestande. Hierdeur word getrag om te bepaal hoe groot die bloedvloei deur die longe is tydens verskillende hartsiektes. Verder word die longfunksiestudies baie gebruik om die doeltreffendheid van die long te bepaal en is daar ook reeds 'n groot reeks normale mense ondersoek en die bevindings vergelyk met 'n groot aantal siektebeelde.

(c) Die werkkapasiteit van normale mense met verskillende lewenswyses, asook die vergelykbare werkvermoë van pasiënte met verskillende hartsiektes, maak 'n besondere deel uit van die groep se werk. Vir dié doel is daar 'n trapmeul gebou (deur die Universiteit van Stellenbosch), die enigste wat in hierdie land in gebruik is. Deur middel van dié toerusting, kan 'n pasiënt 'n gegradeerde hoeveelheid oefening doen wat dan meetbaar is in terme van werk, en kan daar baie aspekte van sy fisiologie waargeneem word deur elektroniese toerusting. Onder andere word die gaswisseling, die pols-



Die inflammatoriese respons. Dr. H. P. Wassermann (kliniese fisioloog, Universiteit van Stellenbosch) ondersoek noukeurig deur middel van mikroskopie en ook mikrofotografie die eienskappe van die selle in die inflammatoriese respons op verskillende stadiums na die verwekking van die inflammasie. Hy het reeds waargeneem dat die limfosiete by die donker rasse die swart pigment melanien vervoer.



Die trapmeul met mnr. H. J. B. Joubert (W.N.N.R.-navorsingsassistent) besig om te oefen, en prof. A. J. Brink, direkteur van die groep, by die kontrole. Gestandardiseerde en gegradeerde oefening word hierop uitgevoer. Onderwyl die oefening plaasvind word daar elektroniese waarnemings gemaak van fisiologiese parameters soos polsspoed, asemhalingsnelheid, bloeddruk, huidtemperature en word ook die ventilasie en die gaswisseling by die pasiënt of normale kontrole waargeneem. Hierdeur word die werkkapasiteit van normale mense asook van pasiënte met hartsiektes kwantitatief bepaal.

spoed, die bloeddrukveranderinge, ventilasiesnelheid, die elektro-kardiogram en die huidtemperature waargeneem.

(d) *Die inflammatoriese respons:* Uitgebreide werk is reeds gedoen en gedeeltelik afgehandel in verband met selrespons tot inflammasie. Daar is veral aandag geskenk aan die veranderinge wat die limfosiet ondergaan. Gedurende hierdie studies is dit ook ontdek dat hierdie sel 'n draer is van die pigment melanien. Op sy beurt het dit weer aanleiding gegee tot 'n uitgebreide ondersoek na die verskil in pigment hantering tussen die rassegroepe. Volledige bloedtellings op die drie rassegroepe in die Kaap is uitgevoer, en vergelyk met studies wat elders in Afrika en in die buiteland gedoen is. Die absolute verhoging van limfosiete in die donker rasse hou waarskynlik verband met die melanien-draende vermoë van hierdie selle. Die uitskeiding van melanogeen in die urine is ook hoër by die donker rasse as by die blankes.

Die navorsingsgroep is dus baie aktief op 'n verskeidenheid van projekte. Daar het reeds 'n aantal publikasies verskyn wat 'n goeie weergawe gee van die bedrywighede van die verskillende werkers.

Die werksaamhede en die entoesiasme van die groep navorsers neem by die dag toe.



'n Elektroforese apparaat met outomatiese analiseerder word gedemonstreer deur mnr. M. A. Muller, tegniese assistent, Universiteit van Stellenbosch. Deur middel van hierdie toerusting word die verskillende bestanddele van die proteïne in die menslike plasma ondersoek. Die verskillende fraksies word outomaties geanaliseer en grafies geregistreer. 'n Ondersoek in ons laboratoria het reeds kon demonstreer dat, hoewel die albumien gedeelte van die proteïnes by die nie-blankes in vergelyking met die blankes verlaag is ten gevolge van wanvoedingsoorsake, die verhoging van die blobulien fraksie by die Bantoe waarskynlik nie op 'n grondslag van wanvoeding berus nie, maar 'n genetiese oorsprong het.

Foto's: Christo Botha.

OUD-MATIEBAADJIE

Die nuwe oud-Matiebaadjie is nou by ons beskikbaar. Indien u nie 'n standaard nommer dra nie (raadpleeg u lokale uitrusters), skryf aan ons vir maatvorms. Stuur asseblief u kleurkaart saam.

Pryse: Baadjie R24.00 Standaard nommers.
R29.75 Na maat gemaak.
Das R1.85

5% korting vir K.B.A. en kontant bestellings

BESTEL NOU EN WEES EERSTE

PIKKIE BLOMMAERT BPK.

MANSUITRUSTERS

PLEINSTRAAT 61 **POSBUS 94**

STELLENBOSCH

M·A·T·I·E spells .....

Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.
Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers—die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Falcon en Taunus, middelslagmotors met ongeewenaarde weelde, en die pragtige, klein maar kragtige Anglia.
As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien—ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

GMB 7

85

Vir kwaliteit en waarde

Westminster 85

FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk, Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk, Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

Frick
-NAAIMASJIENE

TELEFOON
98-6489

SO ONTHOU EK MATIELAND

deur
DR. P. C. LUTTIG



Dr. P. C. Luttig, as student aan die Universiteit van Dublin.

(HIERDIE artikel is 'n geredigeerde uittreksel uit die boek van dr. P. C. Luttig, „Herinneringe van die Luttig-Familie", geskryf kort voor sy dood in 1952. Na die voltooiing van sy studies in Edinburg, Skotland, en in Duitsland, het dr. Luttig 'n kort rukkie op Aliwal-Noord gepraktiseer en daarna op Prins Albert totdat hy die tuig neergelê het.)

In Januarie 1885 het ek na Stellenbosch vertrek om daar aan die Gimnasium en later aan die Victoria-Kollege te studeer.

Ek moes tuisgaan in die pastorie by ds. Neethling. My broer Samie, Harry Neethling, seun van oom Stoffel Neethling van Prins Albert, en Jan en Hendrik Hofmeyer van Zoutpansberg het ook daar ingewoon. Ds. Neethling se seuns, Willie en Christie, sy vyf dogters en tant Hannie Neethling het ons groot „huisgesin" voltooi. Ek het my beslis in goeie geselskap bevind.

Onder die taktvolle leiding van die waardige vader, moeder en tante het 'n godsdienstige atmosfeer in die pastorie geheers. Dit was vir my 'n voorreg om by so 'n huisgesin te kon inwoon. Ek kon veel meer van hierdie groot voorreg gebruik gemaak het.

Die hoof van die Stellenbosse Gimnasium was mnr. Milne. Op sy personeel was mnre. Walker, Hubertus Elfers, Japie Krige en Henry Tindall, almal waardige onderwysers wie se nagedagtenis vir my aangenaam is. Ek het in die tweede klas van die Gimnasium begin en teen die middel van die jaar na die eerste klas oorgegaan. Op grond van my goeie vordering het my vader my 'n sakhorlosie present gegee! Die toelatingseksamen na die Stellenbosch-Kollege het destyds in Junie plaasgevind. Die professore van die Kollege was die eksaminatore. Die groot doelwit van die Gimnasiumskoliere was om tot die Kollege toegelaat te word en daarom was die uitslag van die eksamens vir ons almal 'n besonder betekenisvolle gebeurtenis.

Ek was gelukkig om te slaag.

Ons volgende mikpunt was matrikulasie. Die volgende persone het nou by ons klas aangesluit: A. G. du Toit wat predikant in ons gemeente, Prins Albert, geword het, F. S. (later Senator) Malan, Dirk van Velden (later Provinsiale Sekretaris in Transvaal), Johannes de Waal wat in Kalifornië verongeluk het, en Jan Christiaan Smuts, later Veldmaarskalk in die Britse Leër en alombekende Suid-Afrikaanse staatsman. Daar was lewendige kompetisie en hoë verwagtings is van dié matrikulasie-klas gekoester.

Die professore het groot respek ingeboesem, nie net deur hulle intieme vakkennis nie, maar ook deur hulle lewendige persoonlike belangstelling in die studente. Hulle waardigheid het by die eerlike student respek, waardering en selfs bewondering afgedwing.

Daar was prof. Walker wat sy klas geïnspireer het met sy diepgaande kennis van die Engelse letterkunde. Hy het in so 'n mate in die voorgeskrewe werke ingeleef, dat selfs die trae studente tekens van ywer en belangstelling aan die dag gelê het — daar was lewe in sy klas. Prof. Walker het gewoonlik op Sondagagtermiddag 'n Engelse preek gelewer waarna die studente graag kom luister het. Die ryke inhoud van sy preke en sy verhewe taal het 'n blywende indruk gemaak, wat seker ook daartoe bygedra het dat sy studente so 'n diepe respek vir hom gekoester het.

Ek dink ook aan prof. MacDonald. Hy het 'n baie deeglike kennis van Grieks en Latyn gehad en het nooit moeg geword vir vertalingswerk nie. Iemand wat hom deur swak gedrag

of nalatigheid in die klas gehinder het, kon hy met deurdringende, skerpe taal betig. Hy het sy studente tot aanvullende studie aangemoedig deur 'n prys uit te loof vir die beste vertaling van die eerste boek van Virgilius. N. J. Brummer het die eerste prys verower, A. J. Malherbe het tweede gekom en skrywer derde.

Ek kan nie nalaat om ons gewaardeerde prof. Thomson te noem nie. Hy was seker in die wieg gelê om kennis mee te deel. In sy klasse het almal, selfs die paar wat gewoonlik nie gewerk het nie, hulle volle aandag aan die werk gegee. Sy dissipline was natuurlik. Selfs terwyl hy met sy rug na die klas allerlei diagramme en syferwerk op die swartbord verduidelik het, sou geen student dit waag om te probeer pret maak nie.

In daardie dae het die Kaapse Universiteit die eksamens in Junie afgeneem — ons het dit êrens in die tweede helfte van die maand verwag. Wat was ons verbasing groot toe aangekondig word dat die wetenskaplike deel van die eksamen eers gedurende die tweede helfte van Julie sou plaasvind. Dit het eers later duidelik geword wat die rede vir hierdie verskuiwing was: een van die kandidate het beide Wetenskap en Letterkunde as vakke aangebied. Hierdie kandidaat was niemand anders as Jannie Smuts nie! En sy doel daarmee was om die beurs te verower wat uitgeloof is aan die kandidaat wat die hoogste aantal punte in die eksamen behaal.

'n Sekere John Kotzé wat aan die South African College gestudeer het, het die beste gevaar in die Wetenskap en sover ek my kan herinner, het mej. Flora Sweeney die meeste punte in die Letterkunde behaal, maar Jannie Smuts het die beurs verower!

Tydens die B.A.-eksamens het ek my hooggewaardeerde prof. Thomson eenkeer bitter teleurgestel. Ons klas het nie Hoër Matesis geneem nie en het dit dus baie moeilik gevind om, in Fisika, die Franse Wetenskaplike, Foucault, se metode om die snelheid van lig te bepaal, te verstaan. Prof. Thomson het baie moeite gedoen om die moeilike probleem sonder Hoër Matesis aan ons te verduidelik. Na die eksamen het ons voor die ou Leeskamer, waar die Uniedebatsvereniging gereeld vergader het, bymekaar gekom om die vraestel te bespreek. Die genoemde probleem was een van die vrae, maar aangesien die vraestel so lank was, het ek dit nie beantwoord nie. Die professor was bitter teleurgesteld en ek het dit baie berou dat ek nie liewers een van die minder belangrike vrae oorgeslaan het om tyd vir daardie een in te ruim nie.

Dit is toe besluit dat ek na Europa sou gaan om aan die Edinburgse Universiteit in die geneeskunde te studeer. Ek moes in September vertrek, maar dit was my ouers se begeerte dat ek die Gradedagplegtigheid in Augustus eers moes bywoon. Dis nog baie helder in my herinnering hoe ek en Jan C. Smuts, met ons togas oor ons arms, na die universiteitsgeboue gestap het om die erkenning van ons arbeid aan die Kollege te ontvang.

DIE EEUFEESFONDS NADER DIE R3 MILJOEN-KERF

Op 24 Julie vanjaar het die Sentrale Uitvoerende Komitee van die Eeufeesfonds aangekondig dat meer as R2½ *miljoen reeds vir die Fonds ingesamel is. 'n Kwart van hierdie bedrag is deur oud-studente van die Universiteit geskenk. Die lede van die Sentrale Uitvoerende Komitee is, voor v.l.n.r.: Dr. M. H. de Kock, dr. M. S. Louw (voorsitter), dr. H. J. van Eck. Agter, v.l.n.r.: Mnr. F. J. Kirsten, dr. P. E. Rousseau, prof. C. G. W. Schumann, dr. A. E. Rupert, dr. H. B. Thom. (Afwesig: Prof. W. J. Pretorius en mnr. W. G. Collins.)*

Die massakoor van Dagbreek en Minerva onder leiding van Albert Basson. Die begeleiding van die vlootorkes het bygedra om hulle uitvoering van die Groot Mars *uit Aïda van Verdi een van die hoogtepunte van die Sangfees te maak.*

SO BOU HUL MATIELAND

Die Sangfees word 'n Studente-onderneming

DIE Studente-Sangfees het vanjaar op 13, 14 en 15 September plaasgevind. Agt kore het opgetree, nl. ses koshuiskore, die Universiteitskoor en, na 'n tydperk van afwesigheid, die Kweekskoolkoor. Hierdie agt kore het uit sowat 800 studente bestaan.

'n Kenmerk wat vanjaar se Sangfees van al die voriges onderskei het, was die feit dat dit 'n *suiwer studente-onderneming* was. Vorige jare het die komitee wat die Sangfees georganiseer het, bestaan uit lede van die doserende personeel en het die Studenteraad net 'n verteenwoordiger op hierdie komitee gehad. Vanjaar het die komitee 'n ander voorkoms. As voorsitter tree 'n Studenteraadslid op, terwyl die lede van die komitee ook studente is wat die verskillende kore verteenwoordig.

Die groter aandeel van die studente in die Sangfees blyk verder daaruit dat al die begeleiers en begeleidsters sonder uitsondering studente was. Wat die deelname van soliste aan die Sangfees betref, is dieselfde beleid gevolg. Slegs een koor het soliste gehad wat van elders gekom het. Nog 'n belangrike aanduiding van die steeds toenemende aandeel van die studente aan hierdie gebeurtenis, is die feit dat twee van die kore vanjaar deur studente gedirigeer is.

Die Studenteraad en die Sangfeeskomitee miskén vir geen oomblik die geweldige aandeel wat ons voorgangers aan die Sangfees gehad het nie en ons is aan almal baie dank verskuldig. Ons is egter dankbaar dat ons kon toon dat, as 'n groot taak soos die organisasie van die Sangfees, aan ons opgedra word, ons die verantwoordelikheid met graagte aanvaar. Dit stel ons in die geleentheid om 'n bydrae te lewer tot die belangrike rol wat ons Universiteit in die volkslewe speel — in hierdie geval op kulturele gebied.

Die standaard van die sang was vanjaar weer eens hoog en het gunstige kritiek uitgelok. Ons sal met aangename herinneringe aan die Sangfees van 1962 terugdink.

Deon Jooste

(*Voorsitter, Sangfeeskomitee*)

BEURSWENNERS

DIE volgende Maties het beurse vir verdere studie ontvang: Francois Hanekom, pasverkose Voorsitter van die S.R. (Abe Bailey-beurs); Wynand Louw (Unie-stipendium); Izak de Villiers (Croll-stipendium); Christiaan Brand (Abe Bailey-beurs); Ian Jones (Rhodes-beurs); Erina Steyn (Konservatorium-stipendium) en Paul Loudon (Austin-stipendium).

'n Paar van die oud-Maties wat in Port Elizabeth „Intervarsity" gehou het. V.l.n.r.: Mnr. J. J. Ebersohn en mev. Ebersohn, mnr. T. Potgieter en mev. Potgieter, mej. I. Smit en mnr. E. Whittle.

OUD-MATIEBONDTAKKE

Port Elizabeth

DIE JAARVERGADERING van die Port Elizabethse tak van die Oud-Matiebond het vanjaar die vorm van 'n dinee, 'n kort vergadering en 'n dans in die „Skyroof" aangeneem. Mnr. Dirk Visser wat tot voorsitter herkies is, skryf: „Ongeveer 40 oud-Maties het op Saterdagaand, 26 Mei, toegesak op die Marine Hotel, en daar is hard geprobeer om iets beters van hierdie funksie te maak as die gelykop uitslag van Intervarsity!" Die bestuur vir die jaar is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. Dirk Visser
Onder-voorsitter: Mnr. N. J. Mouton
Sekretaris: Mnr. T. Potgieter
Penningmeester: Mnr. De Mist van Zyl
Bykomende lede: Mnre. Anno Nortje en J. J. Ebersohn en mej. S. Grobbelaar.

De Doorns

OP 16 Augustus 1962 is 'n nuwe tak van die Oud-Matiebond op De Doorns gestig. Dit heet die Oud-Matiebondtak Hexrivier. By dié geleentheid is die vallei se oud-Maties deur dr. Danie Craven toegespreek, terwyl mnr. A. J. Esterhuyse, Openbare Voorligtingsbeampte van die Universiteit, ook met die stigting behulpsaam was. Die eerste bestuur van die tak bestaan uit:

Voorsitter: Mnr. M. P. Ruben de Villiers
Sekretaris: Mnr. G. P. Liebenberg
Add. Lid: Mev. Etta van den Vyver.

Beaufort-Wes

OP 27 Augustus het mnre. P. J. Lombard en J. E. M. Verwey van die Afdeling Openbare Betrekkinge, na Beaufort-Wes afgereis om behulpsaam te wees met die stigting van 'n tak van die Oud-Matiebond op hierdie pragdorp van die Groot Karoo. Sowat 40 oud-Maties het die vergadering bygewoon. Die bestuur van die nuwe tak is soos volg saamgestel:

Ere-President: Mnr. B. Strydom
Voorsitter: Mnr. F. Hanekom
Vise-voorsitster: Mev. L. J. Jansen
Sekretaris: Mnr. P. J. van Velden
Tesourier: Mnr. C. Kannenberg.

Die jong tak beplan 'n saamtrek van al die oud-Maties van die omgewing, voor die einde van die jaar, en groot geesdrif heers reeds vir hierdie funksie.

Fort Beaufort

OP 23 November is 'n tak van die Oud-Matiebond op Fort Beaufort gestig. Mnr. Hennie Greeff van Balfour was reeds geruime tyd besig om die oud-Maties van die omgewing vir dié doel te organiseer.

Doen keurige drukwerk vir die kantoor

Meer bekend vir boekdrukkuns wat internasionale pryse verower, is N.H.D. nie net tot die boekdrukkuns beperk nie. N.H.D. is inderdaad 'n volledige handelsdrukkery en voorsien kantore en die handel. Al wat u doen is om die telefoon op te tel. N.H.D. sal sorg vir keurige drukwerk en spoedige aflewering.



Alle kantoordrukwerk word gedoen—

★ Vorms ★ Fakture
★ Rekeningstate
★ Kwitansies ★ Tjeks
★ Briefhoofde en koeverte
★ Indekskaarte ★ Leggers
★ Brosjures, Pamflette ★ Enige ander vorm van drukwerk vir kantoordoeleindes.

★ N.H.D. se kunsafdeling sal u drukwerk van die begin af help beplan.
★ Hoogsgeskoolde vakmanne en die modernste toerusting sal sorg vir 'n keurige eindresultaat—
★ Smaakvolle hantering van kleure.
★ Sorgvuldige versorging van tipografie.
★ Deeglike uitvoering van ontwerp.

LAAT U DRUKWERK
VIR DIE KANTOOR
IN BEKWAME HANDE

NASIONALE HANDELSDRUKKERY

ZELDASTRAAT · ELSIESRIVIER
Telefoon: 98-3911
Verkoopkantoor: Leeuwenstraat 4, Kaapstad. Telefoon 2-2124.
V&R 3703A

SUID-AFRIKAANSE STEENKOOL-, OLIE- EN GASKORPORASIE, BEPERK

VAKATURES VIR GEGRADUEERDES

As gevolg van uitbreiding in die omvang van ons tegniese bedrywighede, kan Sasol betrekkings aanbied aan 'n aantal gegraduceerdes in—

- Chemiese Ingenieurswese,
- Werktuigkundige Ingenieurswese,
- Elektrotegniese Ingenieurswese,
- Chemie en Fisika. Ons navorsingsafdeling stel besonder belang in persone met minstens 'n B.Sc. (Hons.)-kwalifikasie. Poste is beskikbaar vir jong manne wat aan die einde van hierdie jaar gradueer, asook vir persone wat reeds praktiese ervaring opgedoen het.

Diensvoorwaardes sluit in ruim verlofvoordele, 'n vakansiebonus, pensioen- en mediese voordele. Die persone wat ons aanstel, sal die geleentheid hê om deur middel van hul werk 'n grondige praktiese kennis en wye ondervinding op te doen. Tesame hiermee kan 'n verdere teoretiese agtergrond opgebou word deur gebruik te maak van die opleidingskursusse wat plaaslik aangebied word.

Die Tegnologiese Instituut van Sasolburg bied onder andere die volgende kursusse vir gegradueerdes aan:

- Die Goewermentsertifikaat van Bevoegdheid;
- „Associate Member of the Institute of Chemical Engineers".
- Lidmaatskap van die Chemiese Instituut.

Werknemers het dus 'n besondere geleentheid om hul deeglik te bekwaam en toe te rus vir bevordering na hoër poste.

Ons goed toegeruste ontspanningsklub bied fasiliteite vir deelname aan bykans alle sportsoorte en ontspanning.

Ons ontvang graag aansoeke of navrae in hierdie vroeë stadium, sodat volledige besonderhede betyds verstrek kan word. Die persoon wat in sy werk belangstel en bereid is om hard te werk, sal geen wyer veld vir ondervinding en vooruitgang vind as in die steeds groeiende Sasol-organisasie nie.

Rig u skrywe, met besonderhede van u loopbaan tot dusver, aan:

Die Bestuurder, Personeeldepartement, Sasol,

Posbus 1, SASOLBURG, O.V.S.

---

santam

geregistreerde depositonemende instelling bied u

AANTREKLIKE RENTE OP BELEGGINGS
PLUS 44 JAAR SE SEKURITEIT
LENINGS · VERBANDE · INKOMSTE-BELASTINGADVIES · GRATIS BEWARING VAN DOKUMENTE

Santam

Verseker by Santam vir flinke vereffening van alle eise vir verliese deur

BRAND · STORM · INBRAAK
DIEFSTAL · MOTORONGELUKKE
ONGEVALLE EN SIEKTE

WAAR U VANDAG VEILIG KAN BELÊ EN VERSEKER

Raadpleeg u naaste Santamkantoor vir gratis pamflette en/of volledige inligting. Santam het kantore dwarsdeur die Republiek, S.W.-Afrika en die Rhodesiës.

V&R 353

VAN HEINDE EN VER

Oud-Maties in die Kalklig

Prof. dr. Ben Marais, hoogleraar in die Teologie aan die Universiteit van Pretoria, is deur die Sanforth Foundation genooi om gedurende 1963 of 1964 aan tien Amerikaanse universiteite lesings in verband met sy vak te gee. Hierdie opvoedkundige Stigting, waartoe verskillende universiteite behoort, nooi elke jaar buitelanders uit wat in die een of ander vakrigting spesialiseer. Prof. Marais is die eerste Suid-Afrikaner wat 'n uitnodiging van die Stigting ontvang het.

Prof. Peet Nienaber (B.A. LL.B. 1955) het in Augustus 1962 die graad D.Phil. aan die Universiteit van Cambridge behaal.

Mnr. Malvern Smith (B.A. 1957, Honneurs-B.A. 1959) het die graad Honneurs-B.A. in Engelse Letterkunde aan die Universiteit van Oxford behaal. Voordat hy met 'n Rhodesbeurs na Engeland vertrek het, het hy 'n tydlank in Natal onderwys gegee en daarna 'n lektoraat aan die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar.

Dr. J. F. Holleman (M.A. 1938), direkteur van die Buro vir Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Natal, is van die begin van 1963 aangestel as hoogleraar in Sosiologie en in Afrika-Kultuur aan die Universiteit van Leiden, Nederland.

Dr. D. J. Brand (M.Sc. 1950) het die doktorsgraad in Soölogie aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf, en is onlangs benoem as Direkteur van die Nasionale Dieretuin in Pretoria. Dr. Brand is 'n Scientific Fellow of the London Zoological Society.

Johan du Preez, onderwyser in Rhodesië, is gekies om in Perth aan die Statebondspele deel te neem. Hy het reeds as student op Stellenbosch (B.A. I en S.O.D. 1957) aan Dalrymplebyeenkomste deelgeneem. Dit is egter eers gedurende die afgelope paar jaar dat hy bewys gelewer het dat hy 'n naelloper van formaat is. Johan en Kid (skrumskakel van N.O.-Distrikte) is seuns van mnr. en mev. H. J. du Preez van Stellenbosch.

Oudmatie-Gholfklub

IN 'n brief aan die Rektor deel *mnr. Franko Maritz* mee dat hulle 'n *oud-Matie-gholfklub* in Johannesburg gestig het. Hulle het reeds die eerste geslaagde „Intervarsity" teen 'n groep oud-Ikeys van die Rand agter die rug. Met manne soos Frans Wessels, Justus van der Spuy, Adine Keyser en homself in die bestuur, hoop hulle dat die klub so aktief sal word „dat ons iets op 'n gereelde basis aan die Fonds sal kan stuur". Die klub is 'n uitvloeisel van die Eeufeesfonds-insamelingsveldtog aan die Rand. *Matieland* wens mnr. Maritz en sy klub alles van die beste toe. Hou die kop af!

Oud-Maties Verdedig Suid-Afrika

Dit was vir hierdie vier oud-Matie regsgeleerdes 'n hoë onderskeiding, maar ook 'n geweldige verantwoordelikheid, om die Republiek se saak oor Suidwes-Afrika voor die Wêreldhof in Den Haag te gaan stel en verdedig. By hulle vertrek uit Kaapstad, toe hierdie foto geneem is, was hulle blykbaar vol moed en selfvertroue. V.l.n.r.: Adv. D. P. de Villiers (LL.B. 1941), mnr. Ross McGregor (LL.B. 1938), verbonde aan die kantoor van die Staatsprokureur, adv. B. Müller (LL.B. 1946) en dr. R. Verloren van Themaat (LL.B. 1937).





Links, wyle mnr. H. S. van der Walt en regs, wyle dr. M. M. Loubser.

Ons eer hulle Nagedagtenis

MATIELAND het met leedwese kennis geneem van die heengaan van verskeie bekende oud-Maties.

DR. M. M. LOUBSER, afgetrede Hoofingenieur (Werktuigkunde) van die S.A.S. en H., is op 28 Julie in Pretoria oorlede. Nadat dr. Loubser in 1909 op Stellenbosch die B.A.-graad behaal het, het hy sy studie in die buiteland voortgesit. In 1915 het hy die Dipl. Ing.-sertifikaat in Charlottenburg verwerf. Terug in sy vaderland, het hy van 1921 tot 1924 Toegepaste Wiskunde gedoseer aan die universiteite van Kaapstad, die Witwatersrand en Stellenbosch. Hier het hy ook ses maande lank as professor waargeneem.

In 1925 het hy die betrekking as ingenieur op die S.A. Spoorweë aanvaar, en is in 1939 tot Hoofingenieur bevorder. Op grond van die uitnemende dienste wat hy aan ons land gelewer het, het Stellenbosch in 1942 aan hom die D.Sc-graad, honoris causa, toegeken. Tot kort voor sy dood het dr. Loubser nog op die bestuur van die Oud-Matiebondtak van Pretoria gedien.

PROF. DR. H. BLIGNAULT, dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, het op 8 September op Bloemfontein op die gholfbaan beswyk. Sy skielike heengaan was 'n groot skok in onderwyskringe, want prof. Blignault was algemeen erken en aanvaar as een van die toonaangewende onderwysmanne in Suid-Afrika.

Prof. Blignault het die grade B.A. (1919) en B.Ed. (1925) op Stellenbosch behaal voordat hy gaan onderwys gee het op George, Fauresmith en Bethlehem. In 1937 het hy vir verdere studie teruggekeer en die graad D.Ed. behaal. As student het hy 'n aktiewe aandeel aan die studentelewe geneem, onder meer as voorsitter van die Studenteraad.

In 1938 is prof. Blignault aangestel as dosent in Opvoedkundige Sielkunde aan die Opleidingskollege te Graaff-Reinet. In 1947 het hy as professor in die Opvoedkunde en in Sielkunde na die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gegaan en was vanaf 1951 dekaan van hierdie Fakulteit. Hy het die Universiteit van die O.V.S. verteenwoordig in die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, en het by die laaste sitting voor sy dood as voorsitter opgetree.

Prof. Blignault se wye ondervinding en sy helder siening oor onderwyssake sal veral in die georganiseerde onderwys gemis word. Hy was verskeie kere voorsitter van die Vrystaatse Onderwysersvereniging en van die Federale Raad van Onderwysersverenigings van S.A.

MNR. H. S. VAN DER WALT, Kontroleur en Ouditeur-Generaal, is op 15 September skielik oorlede terwyl hy rolbal gespeel het.

Mnr. Van der Walt het in 1921 die B.A.- en in 1923 die B.Ed.-graad op Stellenbosch behaal, en sy loopbaan as onderwyser aan Gill College, Somerset-Oos, begin. Reeds in 1928 het hy na die staatsdiens oorgegaan, en gedurende sy lang loopbaan met feitlik alle vertakkinge van die staatsdiens kennis gemaak. Hy was onder meer assistent-klerk van die Kaaplandse Provinsiale Raad, private sekretaris van die Administrateur, en klerk van die Provinsiale Raad en van die Uitvoerende Komitee. Daarna volg dienstydperke in die kantoor van die Eerste Minister, in die Departement van Verdediging en in die Provinsiale Administrasie van Transvaal. In 1948 is hy tot Sekretaris van Onderwys bevorder en in 1957 is hy aangestel as Kontroleur en Ouditeur-Generaal.

DR. JAN H. PIENAAR is op 9 September op 72-jarige leeftyd in Pretoria oorlede. Hy was 'n lid van een van die bekendste rugbyfamilies in Suid-Afrika, die Pienaars van Somerset-Wes. Sy broer, Theo, was kaptein van die Springbokspan wat Australië en Nieu-Seeland in 1921 besoek het. Hy self was drie jaar lank kaptein van Stellenbosch se eerste span en het vir verskeie provinsies gespeel. Drie ander broers, George, Willie en Andrew, het provinsiale rugby gespeel.

Dr. Pienaar het die grade M.A. (1928) en D.Phil. (1937) op Stellenbosch behaal. Die eerste deel van sy lewe het hy aan die onderwys gewy en onder andere aan die destydse Hoër Seunskool op Stellenbosch onderwys gegee. Nadat hy verskeie jare in die Staatsdiens was, het hy omstreeks 1940 die sakewêreld betree. Die geheim van sy sukses in die lewe was die geesdrif, die oorgawe waarmee hy elke taak aangepak het. Tot aan sy dood was hy 'n beginselvaste kerkmens en 'n onverskrokke vegter vir alles wat Afrikaans is.

Staal VIR VOORUITGANG!



Staal is die fondament vir vooruitgang in elke nywerheidsland. Met 'n huidige produksiepeil van sowat 2,350,000 gietblokton per jaar, voorsien die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), verreweg die grootste deel van Suid-Afrika se staalbenodigdhede.

Ten einde tred te hou met die steeds stygende vraag na staal, pak YSKOR tans 'n uitbreidingskema aan wat oor twaalf jaar sal strek, ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë sal verhoog tot tussen 4,350,000 en 4,500,000 gietblokton.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming. YSKOR het die dienste nodig van chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsgeriewe en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Bestuurder, Departement Personeel.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

HOOFKANTOOR: POSBUS 450 PRETORIA

Die Internasionale Paspoort tot Rookgenot



Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Amerika, Toronto, Londen, Amsterdam, Dublin, Berlyn, Sydney, Auckland en Salisbury.

PS247ay

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier